BYBELSTUDIE OPENBARING LES 20.

Wat het ons tot nou geleer in Openbaring 4-6? In hoofstuk 4 het ons gesien dat God in heerlikheid heers en deur die hele skepping verheerlik word. Wanneer Johannes homself in 4:1 in die hemelse troonsaal bevind, is hy op die ewige God se heilige terrein waar Hy oor die heelal heers. God sit rustig op sy troon [4:2-3]. Sy voorkoms word met veelkleurige edelgesteentes beskryf. Ook Christus en die Heilige Gees is teenwoordig. Daarmee saam sien Johannes 24 ouderlinge en vier lewende wesens [4:4-7]. Die 24 ouderlinge verteenwoordig die 12 stamme van die Ou Testament en die 12 Apostels van die Nuwe Testament. Hulle is met ander woorde die verloste volk van God wat reeds in sy hemelse teenwoordigheid is [soos wat hulle wit klere en krone simboliseer]. Die vier lewende wesens herinner sterk aan die gerubs of wesens van Esegiël 1:5-14, asook die serafs van Jesaja 6. So dui hulle op die skepping wat in die hemel by God verteenwoordig word.
In hoofstuk 5 vind ons 'n krisis in die hemel wanneer Johannes skielik in trane uitbars. Want niemand in die hemel kan die boek in God se regterhand oopmaak nie. Dit is met sewe seëls verbind. Hierdie boek, waarvan die simboliek vanuit Esegiël 2:9 ontleen is, dui op die profetiese woorde, of op God se raadsplan. Johannes hoor dan by een van die hemelse ouderlinge dat die Leeu uit die stam van Juda sal verskyn om hierdie plan te ontsluit. Direk hierna daag 'n Lam op. Die Leeu is met ander woorde 'n Lam. Hy is die Een wat op aarde geslag is om God se volk los te koop. Die Lam het ook sewe horings, wat dui op sy almag, asook 7 oë, naamlik die Gees wat Hy op Pinksterdag in sy volheid oor die aarde uitgestort het [Hand.1:8]. Die Lam kry reg wat niemand anders kan nie: Hy ontsluit die boekrol in God se regterhand omdat Hy oor alle mag beskik, soos wat Hy met sy hemelvaart gesê het [Matt.28:18-20]. Daarom hou Hy sy kerkvas in sy regterhand [1:16] en daarom het Hy ook die sleutels wat die dood en die doderyk oop- en toesluit [1:18]. Ja werklik! Die Lam wat geslag is, kan die doel van God met die skepping bereik.
Maar dit is nog nie die einde nie. In die hemel eggo die lof en aanbidding as uitdrukking van die bewoners se verstaan van wie God is [4:8-11]. Voortdurende aanbidding borrel uit die harte van die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge wat God se heiligheid en ewige regering besing. Ook word God se skeppingswerke en die instandhouding van sy handewerke lofsingend erken. Dieselfde lof en aanbidding word kort hierna aan die Lam gebring as Hy die hemelse boekrol uit God se hand neem.
In Openbaring 4-5 was ons saam met Johannes in die hemel tydens die Lam se troonbestyging. Dit is met sy hemelvaart. Dit word opgevolg deur die oopmaak van die sewe seëls deur die Lam [6:1] en die loslaat van die vier ruiters op aarde. Hierdie ruiters tree deur die loop van die geskiedenis op. Die eerste perd moet nie met die Ruiter op die wit perd van 19:11-13 verwar word nie. Daardie Ruiter is Christus self, maar hierdie een verteenwoordig dwaalleer. In Openbaring 6:3-4 is 'n tweede perd op die toneel. Sy ruiter bring oorlog gedurende die eindstryd. Die derde ruiter [6:5-7] bring weer hongersnood en inflasie en ruiter nommer vier bring dood oor 'n kwart

van die aarde. Te midde van God se oordeel is daar steeds genade omdat die ganse wêreld nie vernietig word nie.
Terwyl die vier ruiters dwaalleer, oorlog, armoede en dood op aarde bring, verskuif die toneel na die hemel wanneer die vyfde seël gebreek word. Gelowiges wat ter wille van hulle geloof in Christus as martelare gesterf het, skuil tans onder die hemelse altaar. Hulle is nie in 'n slaaptoestand nie, maar wawyd wakker. Hulle roep hard om wraak oor wat hier op aarde met gelowiges gebeur wat ly en sterf ter wille van hulle geloof [6:10]. In reaksie hierop kry hulle almal wit klere [wat hulle reinheid en onskuld aandui] en word beveel om 'n kort rukkie te wag [dit wil sê vir die volle tyd van swaarkry op aarde] totdat die volle getal gelowiges by God is.
Kosmiese katastrofes volg met die oopmaak van die sesde seël [6:12]. 'n Sons- en maansverduistering vind plaas, sterre val op die aarde en die hemele verdwyn [vgl. Jer.4:23-26; Eseg.32:8]. Hierdie seël se impak is kosmies en universeel: Alle konstellasies in die ruimte en almal op aarde word uiteindelik getref wanneer die sesde seël die groot dag van die Here inlei. Goddeloses moet almal voor die regterstoel van God verskyn [6:14-15].
Die sesde seël eindig met die geweldige vraag: Wie kan in die oordeelsdag voor God bestaan? Voor die sewende seël oopgemaak word, verskyn daar nou eers in hoofstuk 7 'n tussentoneel. Dit is 'n terugflits na die hemel en wys na gelowiges wat skuiling by die Here soek. So bring die ses seëls groot vrees by die ongelowige wêreld [6:1-17]. Die tussentoneel bring egter groot vrede by die volk van God [7:1-17].

BYBELSTUDIE OPENBARING: TUSSENTONEEL 7:1-8.

1. LEES: Openbaring 7:1; Sagaria 6:5; Daniël 7:2; 8:8; 11:4; Hosea 13:15.
   Die vier engele is die dienende geeste van God en hulle hou die vier winde van die aarde vas. Waarom word die winde vasgehou?

2. LEES: Openbaring 7:2; 8:3; 10:1-2; 14:6-7,8; 18:1-2; Genesis 2:8.
   Wie is die “ander engel” in vers 2 en wat beteken dit dat hy van die ooste af kom?

3. LEES: Openbaring 7:2-3; 1Konings 21:8; Ester 3:10; Daniël 6:18; Esegiël 9:4-6.
   Hierdie engel hou die seël van die lewende God. Wat is die simboliese betekenis van hierdie seël?

4. LEES: Openbaring 7:3; 14:1; Romeine 4:11.
   Die dienaars van God moet gemerk word met die seël op hulle voorkoppe. Hoe moet ons hierdie merk verstaan?

5. LEES: Openbaring 7:4-8; Handelinge 26:18; Romeine 11:16-24 [die boom self is die gelowiges uit die volk Israel en die ingeënte takke is die gelowiges uit die heidennasies]; 1Petrus 2:9.
   Hier kom die eintlike probleem van hierdie gesig na vore. Die gelowiges wat verseël moet word, is 144 000 "uit elke stam van die volk Israel". Wat beteken dit? Is dit werklik net uit Israel?

6. LEES: Openbaring 7:3 en 7:9.

In vers 3 sien Johannes 144 000 dienaars van God en in die volgende perikoop [7:9] “'n groot menigte wat niemand kan tel nie”. In watter verhouding staan die 144 000 tot die “groot menigte”?

ANTWOORD.

1. Die vier geweldige winde is simbolies van verwoesting op see en land as deel van God se oordeel oor die natuur. Nou word die winde 'n oomblik lank vasgehou sodat God kan toesien dat die gelowiges in die verskriklike oordeel staande bly. God wil eers die gelowiges as sy eiendom merk.
   Let op dat die getal 4 driemaal genoem word in vers 1 en elke keer in verband met die aarde.
2. Sommige het al probeer om die “ander engel” met Christus te vereenselwig. Al die onderskeie Skrifgedeeltes wat gegee is, praat egter van die “ander engele”. In 8:3 offer 'n gesaghebbende engel die wierook saam met die gebede van die gelowiges. In 10:1-2 het die sterk engel die oopgerolde boekrol in sy hand. In 18:1-2 kondig 'n ander engel met 'n sterk stem die val van Babilon aan. Die engel van ons teksvers dra groot gesag omdat hy die seël van die lewende God by hom het. Hierdie “ander engel” kom dus van God. Die uitdrukking “van die ooste” bevestig dit. Dit kan verwys na Palestina wat oos lê van Patmos. Maar heel waarskynlik verwys dit na die ooste waar die paradys was. Op die wyse beklemtoon die ooste dat God self die engel gestuur het.
3. So 'n seëlring was 'n koninklike kenteken. Gewoonlik het mense met gesag so 'n seëlring gedra om dokumente te waarmerk. Volgens die Ou Testament vind ons die seëls ook by konings. In Esegiël 9:4-6 vereis God 'n merkteken op die voorkop van die gelowiges om aan te toon dat hulle God se eiendom is. So is die seël 'n teken van veilige beskerming, eiendomsreg en op 'n waarmerk van kwaliteit en egtheid.
4. Die verseëling van vers 3 is simbolies om te bevestig dat iemand aan God behoort. Gelowiges het nie letterlik 'n merkteken op hulle voorkop ontvang nie.

Uit Openbaring 14:1 blyk dit dat die merk die Naam van Jesus en van sy Vader is. Maar wat beteken hierdie verseëling? In die eerste plek beteken verseëling eienaarskap. Gelowiges word met en dus in die Naam van Jesus en sy Vader verseël. 'n Mens kan nie help om hierdie verseëling aan die doop te bind nie. Ook dit geskied in die Naam van Jesus en sy Vader [en sy Gees]. Ook dit beteken dat God oor die gedoopte eienaarskap aanvaar. Die besnydenis is daarom ook 'n verseëling of seël genoem [Rom.4:11].

Maar die verseëling beteken ook dat die Here ons as gelowiges se hande sal hou deur alle verdrukking en oordeel. Ons ewige heil staan vas.

Dit is belangrik om te onthou dat hierdie toneel op aarde afspeel. Dit gaan dus om die "dienaars van God" wat in hierdie stadium nog op aarde is.

5. Sommige sien die 144 000 as die gelowige Jode uit die Ou Testament. Daar is egter in Openbaring nie so 'n onderskeid nie. Ons moet die volgende raaksien wat die 144 000 betref:
   - Let op dat die 144 000 nie die volle Israel aantoon nie. Dit is 12 000 **uit** elke stam en nie die hele stam nie.
   - In die tweede plek kan ons Israel hier ook nie letterlik verstaan nie. Ons moet onthou dat al twaalf stamme nie meer teen die eerste eeu in Palestina teenwoordig was nie. Die tien stamme het nooit uit ballingskap teruggekeer nie. Net hier en daar het enkelinge uit hierdie stamme in Palestina oorleef.
   - In die derde plek is die kerk in die Nuwe Testament 'n voortsetting van Israel van die Ou Testament [vgl. Hand.26:18; Rom.11 en 1Pet.2:9]. Openbaring 7 praat daarom van gelowiges as die volk van God, dit is die Nuwe Testamentiese kerk.
   - Die 144 000 is baie duidelik simbolies bedoel. Dit is die 12 stamme wat met hulleself vermenigvuldig word [wat volledigheid aandui] en dan nog weer vermenigvuldig word met 1000 wat 10x10x10 is. Dus 'n kubus wat nogeens volledigheid aandui.
6. Ons het reeds vasgestel dat die 144 000 simbolies dui op die vol getal gelowiges – die kerk van Jesus Christus. Die "groot menigte" is die wat reeds dood is. Daarom is hulle in die hemel, terwyl die 144 000 op aarde is. Die menigte staan immers "voor die troon en voor die Lam" [7:9].

****